

RESENSIE

Theunie van der Merwe

Tipering van die Afrikaanse kortverhaal.

Potchefstroom: PU.

Prys: R5,00.

Soos van enige verhandeling verwag word, poog Theunie van der Merwe in haar studie van die Afrikaanse kortverhaal om 'n probleem op te los, naamlik om die verwarring wat daar ten opsigte van die kategorisering van die kortverhaal heers op te klaar, om hierdie verskillende kategorieë in 'n skema te ondervang en 'n abstrakte model vir die Afrikaanse kortverhaal daar te stel. Volgens persoonlike mening word daar goed in geslaag deur die loop van die ondersoek.

In hoofstuk een word die verskeidenheid kortverhaalkategorieë wat voor 1956 bestaan het, bespreek, asook ouer en hedendaagse kritici se gebruik van die verskillende terme. Hoofstuk twee handel oor kategorisering as wetenskaplike metode van beskrywing. Hoofstuk drie sentreer om 'n bespreking van die verskillende kategorieë en in hoofstuk vier word resente sienings ten opsigte van die genre en kortverhaal as verskynsels gegee. Daar word ook 'n duidelike onderskeid tussen genre subgenre en tipologie getref. Die hoofstuk bied nuttige inligting vir die voorgraadse student sowel as vir die meer volwasse navorser, veral ook omdat plaaslike sowel as buitelandse kritici se menings betrek word. Sodoende word 'n genuanseerde tekening van die aard van die kortverhaal gegee. Hoofstuk vyf is 'n bespreking van die aard van die strukturele elemente in die nuwe prosa — dus die moderne kortverhaal. Dit sluit perspektief, tyd, ruimte en karakterisering in. Verder word die verskillende invloede op die moderne kortverhaal bespreek, byvoorbeeld surrealisme, eksistensialisme, Zen-Boeddhisme en die wyse waarop dit in die moderne kortverhaal vergestaltung vind. Sodoende kry 'n mens 'n duidelike beeld van die algemene karakter van die moderne kortverhaal in Afrikaans. Dit dra by tot die geskakeerde beskouing wat dwarsdeur die studie van die Afrikaanse kortverhaal gegee word. In hoofstuk ses word 'n genologiese begrensing van die moderne kortverhaal gegee. Hier word verduidelik wat met "genologiese begrensing" bedoel word. Daar word ook aandag gegee aan die probleem wat dikwels ondervind word wanneer literêre werke geklassifiseer word as behorende tot 'n spesifieke genre of subgenre. Die kortverhaal as subgenre van die prosa word teenoor ander subgenres van die prosa gestel

om so aan te dui wat die eie aard van die kortverhaal is. In hoofstuk sewe word die abstrakte model van die kortverhaal wat in die vorige hoofstuk opgestel is, op 'n aantal Afrikaanse kortverhale toegepas, byvoorbeeld "Oom Karel neem sy geweer saam", (J. van Melle), "Kleinriet-alleen-in-die-roerkuil" (Eugène Marais), "Die dood van Julika von Schwabe" (Chris Barnard), "Wolf, Wolf hoe laat is dit?" (Hennie Aucamp), "Drie kaalkoppe eet same" (Jan Rabie) en "Die boenk" (Breyten Breytenbach). Op sigself is dit 'n goeie verteenwoordiging van Afrikaanse kortverhale, wat die tyd van verskyning sowel as die skrywer betref. Die kenmerke wat geabstraheer is en wat op die afsonderlike kortverhale toegepas word, sluit aspekte in soos die verteller, tydruimte, karakters, tema en woordgebruik. Dit is veral hier waar die studie se grootste waarde lê en vir die student nuttig behoort te wees. In hoofstuk agt word tot 'n besluit gekom met betrekking tot die gestelde probleem.

Daar bestaan tans 'n verwarrende aantal terme vir die Afrikaanse kortverhaal en die toepassing daarvan, byvoorbeeld, skets, essay, vertelling, prosagedig en prosas. Die studie bied 'n verheldering ten opsigte van die toepaslikheid van hierdie terme aan, wat veral vir die voorgraadse student van nut behoort te wees.

Terme waarmee in die ondersoek gewerk word, word duidelik en logies omskryf sodat daar nie by die leser twyfel hoef te bestaan oor die instrumentarium waarmee gewerk gaan word nie. Dié instrumentarium word goed gebruik in die res van die studie.

Aan die negatiewe kant is daar 'n paar hinderlikhede, meestal tegniese van aard. So word die selfstandige naamwoorde van boeke-titels 'n paar keer telkens met hoofletters geskryf, in plaas van met kleinletters soos die gebruik is, byvoorbeeld *Afrikaans Verhalend Proza en Eline Vere — Een Haagsche Roman*. 'n Enkele keer vind die sillabifikasie foutief plaas: tiperinge, in plaas van tipe-ringe. In hoofstuk vier en sewe is daar 'n inkonsekwentheid betreffende die opskrifte: dit word soms onderstreep en soms nie. Die ou spelling van telwoorde word soms nog gevolg, soos sewe-en-dertig (p.17) en nie sewe en dertig nie. Die bibliografiese rangorde is nie bevredigend nie: sekondêre bronne word eerste vermeld en daarna die primêre bronne — die gelese kortverhaalbundels. Primêre bronne behoort eerste geplaas te word, daarom is hulle immers primêre bronne. Ten slotte word die verouderde term *derdepersoonverteller* gebruik. *Derdepersoonfokalisator* is verkiesliker omdat dit 'n kor-

rekter aanduiding van die aard van die verteller is — 'n derde persoon kan nie vertel nie, slegs 'n eerste persoon kan oor 'n derde persoon vertel.

In sy geheel is dit egter 'n bevredigende studie wat goed gestruktureer is.

Dr. Anna-Marie Bisschoff.